

23 Januarie 2021

## KERK & STAAT IN GOD SE KONINKRYK

*Tien Skrifbeginsels as werksdokument by die kerkraad se oorweging om gesamentlike aanbidding te staak soos deur die Suid-Afrikaanse regering beveel<sup>1</sup>*

- 1. Jesus Christus is uit die dood opgewek en regeer nou as Koning oor alle owerhede, magte en kragte.** (*Dan. 7:13,14; Matt. 28:18; Ef. 1:20,21; 1 Tim. 6:13-15; Heb. 1:3-4; Open. 7:14*)
- 2. Jesus Christus se Koninkryk is nie van hierdie wêreld nie en tog stel Hy owerhede, magte en kragte aan om in hierdie wêreld reg en orde te handhaaf.** (*Joh. 8:23; 18:36; Rom. 13:1-7*)
- 3. Met Jesus Christus se menswording het Sy Koninkryk in hierdie wêreld deurgebreek en Hy het dit ook aan die mense geproklameer.** (*Dan. 7:27; Matt. 4:17; Mark. 1:15; Luk. 8:1; 11:20*).
- 4. Die ewige Koning kan nooit sonder onderdane wees nie en daarom heilig en vergader Hy mense uit elke volk, taal en nasie om Sy Bruid/Liggaam/Kerk in hierdie wêreld te wees.** (*Hand. 2:1; 2:47; 12:12; 20:7; 15:30; Ef. 2; Heb. 10:24, 25; Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 27*)
- 5. Die Koninkryk van God word in hierdie wêreld sigbaar waar hierdie *gemeenskap van heiliges*, plaaslik vergader (d.i. Die Koninkryk *ter plaatse*).** (*Ps. 40:10,11; Hand. 2:42; Heidelbergse Kategismus V&A 23, 54, 103; Kerkorde Artikel 7*)
- 6. Jesus Christus alleen regeer die Kerk geestelik deur die Woordverkondiging en sakramente, wat deur geroepe dienaars bedien word.** (*Jes. 49:23; Hand. 2:42; 4:17,19; 17:7; 18:13; 1 Kor. 4:1,2; Titus 1:5,6; Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 30, Kerkorde Artikel 1*)
- 7. Die erediens vind plaas, wanneer die gemeenskap van heiliges saam in ware geloof om die genademiddele vergader om God Drie-Enig in waarheid en liefde plaaslik te aanbid.** (*Hand. 2:42,47;*

---

<sup>1</sup> Staatskoerant uitgawes 44051 (Des. 2020) & 44066 (Jan. 2021)

*Heidelbergse Kategismus V&A 55, 103; Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 27-29)*

**8. Die heiliges se liefde vir mekaar, kom veral tot uitdrukking in die plaaslike vergadering tydens o.a. die samesang, gebede, tugbediening, sakramentsviering en dade van onderlinge meelewing** (*Hand. 2:42; 12:12; Kol. 3:16; 1 Kor. 11:17-34; Heb. 10:24-26*)

**9. Die owerhede, magte en kragte van hierdie wêreld regeer nie oor die Koninkryk van God nie en daarom ook nie oor hierdie plaaslike Kerk nie.** (*Hand. 2:42; 4:17,19; 17:7; 18:13*).

**10. Ek word deur Christus beveel, om my by die ware Kerk te voeg, waar dit ookal gevestig is, selfs al sou enige owerhede, magte of kragte in hierdie wêreld dit verbied.** (*Ps. 22:23; Ef. 4:12; Heb. 2:12; Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 28 - "...hulle by dié vergadering aan te sluit, waar God dit ook al gevestig het, selfs al sou regerings en wette van regeerders daarteen wees en daarvoor die dood- of lyfstraf oplê. Daarom handel almal wat hulle van hierdie ware kerk afskei of nie daarby aansluit nie, in stryd met die bevel van God."*)



G. Marnix Boersema (VDM)  
071 363 5456  
marnix@scriptura.co.za